1 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:12-24**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:22

Gewaarborgde bestemming

Selfs die sterkste gelowige wonder soms: Sal ek ook eendag die ewige lewe binnegaan? Maar die Here stel ons telkens gerus in sy Woord: Julle sál die bestemming wat Ek julle beloof het, bereik. Hy sê in vers 22: Ek het julle verseël en my waarborg aan julle gegee".

Die Here het ons verseël soos briewe destyds met 'n seël gewaarmerk is. Belangrike briewe is verseël deur byewas op die buitekant te laat stol en die afdruk van die afsender se seël(ring) daarin aan te bring. As die brief dan met ongeskonde seël by sy bestemming opdaag, het die ontvanger geweet dat dit eg is. So het God ons ook verseël. Hy het sy stempel op ons afgedruk. Met ons doop het Hy op ons geskrywe: God se gewaarmerkte eiendom. En ons adres is: Bestem vir die ewige lewe.

God kom ons twyfel nog verder tegemoet. Om ons te verseker dat ons eendag die ewige lewe sál beërwe, gee Hy nou al vir ons 'n stukkie van die ewigheid om solank aan vas te hou. Hy gee sy Heilige Gees in ons harte. In vers 22 vergelyk Hy dié gawe met 'n onderpand (OAV). Soos 'n sakeman 'n onderpand (deposito) ontvang as waarborg dat hy uiteindelik die volle bedrag sal kry, so het God sy Gees aan ons gegee. Die Gees in ons harte is ons waarborg dat God die volle som van al sy beloftes eendag aan ons sal gee. Verseël, gewaarborg - waarom sou ons dan nog twyfel?

Sing: Skrifberyming 24:7 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)